ARTKAT Studio
Johanna Prinsloo

Mei 2007

Goeiedag al die artkatte,

Dit was 'n lekker produktiewe maand met baie interessante verwikkelinge. Eerstens wil ek verskoning vra dat die nuusbrief hierdie maand 'n bietjie later gestuur word. Die tegnologie het my in die steek gelaat. Die fout is nog nie herstel nie, dus word die brief op iemand anders se rekenaar getik en soos voorheen deur Marie Reeler en Anneke Brits gereedgemaak. Baie dankie vir die ondersteuningsnetwerk wat altyd daar is.

Baie geluk weereens aan almal wat hul kleurkursus suksesvol voltooi het. Ons het die Saterdagoggend in die Botaniese Tuin 'n vrugbare oggend gehad. Studente het gedigte oor bome ontvang en elkeen het na 'n deel van die tuin van sy keuse gegaan om daaroor te mediteer. Dit het 'n integrale deel van hul verdere praktiese toepassing geword. Ons het 'n uitstalling gehad van al die werke wat reeds deur studente deur die jaar gemaak is. Daar was baie positiewe reaksie deur medestudente, gaste en gevestigde besoekende kunstenaars.

Groetnis vir eers,
Johanna Prinsloo.
(johanna@artkat.co.za)
Tel: 082 838 0750
http://www.inhaus.co.za/artkat

Mei 2007 Program

Tye:

Maandag	Afsprake vir privaat konsultasies teen 'n uur tarief van R100.	
	21ste en 29ste	7de Gevorderde olieverf
Dinsdag	09h30 – 12h30	Jhb. Kunsgroep.
Woensdag	18h30 – 20h30	Algemene Olieverf.
Donderdag	09h00 – 11h30	Gevorderde Olieverf.
Donderdag	14h00 – 16h.00	Tekenklas.
Saterdag	09h00 – 11h00	Gemengde Kunsklas. *Behalwe die 19de Mei.*

Saterdagoggend 19 Mei - Veldsessie in Pretoria se Botaniese Tuine.

Welkom aan alle nuwe Studente

Ek verwelkom al die nuwe studente en hoop dat julle 'n baie vrugbare en vreugdevolle tyd met ons sal deurbring.

Kleur van die maand : Pers

Kleurkursus

Daar is aanvraag vir 'n weeklange Kleur Werkswinkel. Ek beplan om dit die week van die 14de Mei tot die 18de Mei te doen.

Die tye sal soos volg wees:

Maandag	08h00 tot 11h00
Dinsdag	14h00 tot 17h00
Woensdag	14h00 tot 17h00
Donderdag	14h00 tot 17h00
Vrydag	09h00 tot 12h00

Die kursus sal R700 per persoon wees. Belangstellendes kan my bel en plekke bespreek. Hierdie tye sal nie inbraak maak met die ander klasse nie.

Die kleurkursus is gewoonlik 'n 8 weke kursus wat bestaan uit 8 klasse van 2 uur elk. Die kursus kos gewoonlik dan R800.

Herlaai tyd vir Johanna

Ek is die 9de en 10de Mei nie beskikbaar vir enige klasse nie. Ek gaan vir 'n heerlike rustige tydjie na die Hartebeespoortdam om myself vir 'n tydperk weer 'n bietjie te verryk. In daardie tyd gaan ek ook 'n sintuiglike werkswinkel bywoon, self een aanbied en net stil word en in kontak met die Goddelike kom. Dit beloof om 'n wonderlike ervaring te wees.

Johanna

Pers: enige kleur wat rooi en blou pigmente bevat, veral die donkerder skakerings

Uitdaging

Gaan sit of lê in 'n plek waar dit stil en rustig is. Ontspan jou hele lyf deur eers jou tone te ontspan en dan elke liggaamsdeel totdat jy by jou kop kom. Dink aan die liggaamsdeel en konsentreer daarop om te ontspan soos wat jy van onder na bo werk. Herhaal die ontspanningsoefening totdat jy heeltemal ontspanne is.

Fokus nou op jou borskas en voel jou asemhaling, is dit diep, vlak, onrustig, rustig, angstig? Verbeel jou dat daar 'n vlinder op jou borskas rus en soos jy in en uit asem, vou die vlinder sy vlerke voluit oop asof jy energie en lewe in hom asem.

Kyk nou mooi na jou skoenlapper. Wat is sy kleur? Hoe groot is hy? Het hy kolle of strepe of is hy eenkleurig? Hoe voel jy oor die skoenlapper? Hoe staan sy vlerke nou? Oop of toe? As jy goed na jou skoenlapper gekyk het, maak jou oë stadig oop, staan op en strek 'n bietjie. Teken of skilder nou jou skoenlapper soos wat jy hom gesien het.

As jy hierdie projek probeer sal ek dit waardeer as jy die tekening of skildery klas toe sal bring. As daar genoeg mense is wat daarin belangstel kan ons dalk 'n klas reël om na almal s'n te kyk en die resultate te ondersoek. As jy nie 'n student van Artkat is nie en jy wil dit ook probeer kan jy 'n foto neem en dit vir my per e-pos (mailto:johanna@artkat.co.za) stuur. Ek sal jou dan laat weet of ons 'n byeenkoms gaan reël of nie.

Saterdagoggend Velduitstappie 14 April 2007



Ons het die 14de April 'n wonderlike uitstappie na die Botaniese Tuine gehad. Die uitstappie was baie goed bygewoon en die kommentaar van die studente en gaste was uiters positief. Dankie aan almal van julle wat my so ondersteun, ek waardeur dit opreg.

'n Verrassende hoogtepunt het skielik uit die besoekers se geledere gekom toe Danie Potgieter 'n pragtige gedig wat hy self geskryf het aan ons voorgedra het, sommer so van sy selfoon af. Dit was die eerste keer wat hy een van sy gedigte in die openbaar gelees het. Baie dankie Danie. Dit is wat ek graag wil hê wat by Artkat moet gebeur. Spontane bydrae vanuit alle kunsvorme. Kom ons neem dit as 'n voorbeeld. As daar iets is wat iemand wil bydra wat skryf, sang, voordrag en dans aanbetref sal ons dit so waardeer. Wees ook vrymoedig om iets te skryf vir ons gereelde maandblad.

Breath
By J. Daniel Beaudry

Tree, gather up my thoughts
like the clouds in your branches
Draw up my soul
like the waters in your root

In the arteries of your trunk
bring me together.
Through your leaves
breathe out the sky

Ons volgende veldsessie sal Saterdag, 19 Mei wees. Beplan julle dagboeke so dat julle my, op die laaste, die Donderdagoggend die 17de kan laat weet wie almal kom. Soos altyd is jy welkom om gaste saam te bring, dit is nie net vir studente van Artkat nie. Die koste by die hek is R15 om in te kom. Die klasgeld vir drie ure is R100. Ons kom soos gewoonlik om 9 uur bymekaar by die hoofhek waar ons betaal en die klas duur tot 12 uur

Kom teken lekker saam en geniet die buitelug!

Sometimes I, the dragon by infernal tongue,
Merciless consumes my Cherished One,
Confer in bitter irate words disdain,
And weep then for Her brittle soul I've slain.

Sometimes I, whilst in defence stand cold,
Scorn and question Him, The One of Old,
Who contrived (in jest?) my convoluted state,
Then confuses me with talk of Love! Not Hate.

Sometimes I, when in want for peace and rest,
Appeal from heart remembrance to quest,
A vivid likeness of Her Face, Her Smile,
Then take it like a cup – it sedates me for a while.

Always I, when circumstance avail,
Graciously a day or just a second frail,
In that auspicious time will find,
Completeness of my body, soul and mind

Danie

Met die oggendveldsessie het die studente elkeen 'n gediggie gekry as aansporing vir hulle boomsketse. Toe ek by Susan kom, het sy met oopoog verwondering die pragtige "vroueboom" vir my uitgewys wat sy besig was om te teken. Inderdaad het die boom in volle vroueglorie haar aan Susan bekend gestel en het sy dit in 'n pragtige boomskets vasgelê.

(Ek kon nie betyds Susan se skets in die hande kry nie, ek sal dit volgende maand insluit)

Vele talente in ons midde

Ons is in die bevoorregte posisie dat ons studente en vriende in ons geledere het, wat alreeds erkende skrywers is. So sal ons dan ook elke maand van volgende maand af 'n skrywer of kunstenaar van die maand aan julle voorstel. Soos reeds voorheen gesê is, beoog ons om skrywerswerkswinkels in die toekoms te hou.

Joop Bakkes is dan een van hierdie skrywers wat reeds besig is om mense by te staan in hulle drome om suksesvolle skryfwerk voort te bring. Joop is 'n gebore Nederlander en bly reeds vanaf die tagtiger jare in Suid Afrika. Joop het self al presteer met onder andere 'n toekenning.

Op die oomblik is hy besig om n waterverfkursus by Artkat Studio te doen. Ek het hom gevra om net vir my 'n opsomming van sy skrywersloopbaan te gee. Kom ons stel hom aan die woord:

"Ik kreeg een oorkonde (eervol dokument) voor 'Outstanding Achievement in Poetry' van ' The National Library of Poetry ' in de USA voor mijn gedicht 'Love Poem'. Dit is als erkenning tevens door een bekende USA acteur op een geluidsband opgenomen.

Tweede is een eervolle vermelding door het 'Library of Congress' in Washington USA voor het gedicht ' Les Sylphides' uit mijn bundel 'Prologue to Human Dignity'.

Verder zijn er nog een aantal vermeldingen en publicaties voor mijn werk."

Joop bied vrywilliglik sy dienste aan en ek is dankbaar dat Artkat Studio die platform daarvoor kan wees.

Hy help op die stadium 'n nuwe opkomende skrywer, Bernat Kruger, in sy aspirasie om 'n novelle te skryf. Hy het hom met waardevolle inligting bygestaan en ek wens vir Bernat baie voorspoed toe.



Joop is 'n kleurvolle karakter en ek belowe om 'n volledige onderhoud later vanjaar met hom te voer. Hy het ook vir ons 'n gediggie geskryf wat in hierdie nuusbrief vir die eerste keer gepubliseer word.

Baie dankie Joop!

Joop se kontaknommer: 0723807210.
e-pos: jbakkes@sentchsa.com

Dinsdagoggend

Ek het maar net gedink toe iemand na
My bles en gelakte naels staar:
"Bless you too man"
En verder laat my die reën koud en
Huiwer ek in die son omdat alles wit
Is en die nag vir my die kleure wys
Van drome en gedagtes en van jou
So onbereikbaar ver soos die trolle
En elfies en hekse uit my jeug toe alles
Nuut was en die son vol kleure.

Joop 01-05-07

Bernat Kruger is nog 'n jong opkomende kunstenaar van wie ons in die toekoms meer gaan hoor. Bernat het verlede jaar die Thomas Pringle toekenning vir digters ontvang.

Ons gaan vir Bernat volgende maand vra om vir ons iets oor homself en ook iets vir ons te skryf. Ek het 'n paar jaar gelede toe Bernat nog 'n student was 'n skildery van hom gedoen en dit opgediep uit die argiewe. Ek sluit 'n afdruk van die skildery in.

Anneke Brits is nog 'n student wat reeds gepubliseer het. Sy skryf gereeld vir tydskrifte en het reeds drie Afrikaanse romans die lig laat sien.

Sy help ons met al die taalversorging vir die lesings en die nuusbriewe. Sy sal ook vir ons deur die loop van die jaar iets kan skryf.

Hoe Kosbaar is ons oë!

Dankie dat ek kan sien

Laat my toe om deur U oë ook te kan sien



Hierdie maand, met die oog op sintuiglike waarneming, wil ek net die volgende met julle deel:

Gedagte vir die maand

"Ninety percent of all the information received by our senses comes through our eyes.
Twenty-five percent of the body's nutritional intake is required for the functioning of our eyes,
even though they make up only two percent of the body's weight.
Fifty percent of light information entering the left eye passes to the right hemisphere of the brain,
and fifty percent of that entering the right eye passes to the left hemisphere"

Patricia Mercier

Met ander woorde, wat jy sien is nie wat jy dink jy sien nie.

Ditjies en Datjies

Regina Swanevelder is 'n student met 'n oog vir die besondere om te skilder en ook om dinge raak te sien wat dalk ongesiens sou verbygaan.
Die hartjie-aartappel [*my kleinseun sê altyd as hy 'n hartjie sien: "hartjie my liefie"*] van haar het een oggend saam met haar die pad Studio toe gevind en was 'n kunswerk so na ons hart.
Regina het besluit om ons vir 'n rukkie te verlaat. Sy kry 'n mondoperasie en gaan haar ouers help trek. Voorspoed Regina, jy het vir ons almal wat jou ken baie beteken. Jy het "met jou hart in jou hand" vir ons gereeld baie gegee wat ons nodig gehad het. Ek onthou die eerste dag wat jy hier ingekom het met die bossie blomme toegedraai in foelie. Dit was 'n kosbare openbaring van die mens wat jy is. Regina sal so op 'n ad hoc basis klasse toe kom en so sal ander ook meer kan leer van hierdie mooi vrou.

"Impression: Sunrise"

Claude Monet se skildery "Impression: Sunrise" was een van die nege skilderye wat in 1985 uit 'n Parys museum gesteel is.
Impressionisme, die laat 19de eeuse styl van skilder en musiek het sy naam van dié skildery gekry.

"I have finally discovered the colour of the atmosphere. It is violet"

Claude Monet (1840 – 1926)

Tekeninge en skilderye uit die kleur studio

Van Gogh naskilderye uit die studio

Geïnspireer deur nuwe tegnieke wat geleer is